



BO: 'n Land waarop aartappels pas geplant is. Plaagbestryding en voedingstekorte kry deurgaans aandag.

LINKS: Mnr. Johan van Zyl is in 2013 as Suid-Afrika se Aartappelprodusent van die Jaar bekroon, die eerste keer dat 'n droëlandboer dié prestasie behaal.

REGS: Aartappels op 'n sorteertafel. Die aartappels word noukeurig geklas en uitgesoek.

PLAASINLIGTING

LIGGING: Warden, Vrystaat

HOOFPLAAS: Gryskop

GROOTTE: 9 050 ha

EIENAARSKAP: Familieboerdery

VERTAKKINGS: Aartappels, mielies, skape en beeste

GRONDTIPE: Hoofsaaklik sand-teem

GEMIDDELDE REËNVAL: 650mm tot 700mm

KORTOM

- Versprei risiko met aartappels sover moontlik om skade te beperk.
- Dié boer se sukses hang grootliks van gewasspesifieke bemesting af.
- Raadpleeg kundiges vir doeltreffende bestuur.



'Gebruik al die kundigheid wat jy het'

Danksy noue samewerking met landboumaatskappye, gewasspesifieke bemesting en deur aanplantings van gewasse oor 'n uitgestrekte gebied te versprei, is mnr. Johan van Zyl as Suid-Afrika se beste aartappelprodusent aangewys.

Geen droëlandboer is al bekroon as Suid-Afrika se Aartappelprodusent van die Jaar nie. Verlede jaar het mnr. Johan van Zyl van Warden in die Oos-Vrystaat dié droogte gebreek toe hy danksy spesifieke sakebeginsels as wenboer aangewys is.

Hy het byvoorbeeld sy pakhuis na 'n sentrale plaas verskuif om vervoerkoste te verlaag. Hy plant sy aartappels ook op plase wat van suid na noord oor 50 km strek om die haelrisiko te bestuur en gebruik spesialiste op verskillende



BO: DIE SPAN. Mnr. Johan van Zyl (links) saam met sy raadgewers by 'n trekker en hoogloop-spuit. Hulle is dr. Johan van Biljon (middel) en mnr. Francois Groenewald, onderskeidelik hoofbestuurder van opbrengsverbeteringstelsels en landboukundige in die area van Kynoch Kunsmis.

gebiede om sy bestuur vlot te laat verloop.

Johan boer onder die besigheidsname Van Zyl Boerdery (aartappels en saaiery) en Cheetah Trust (vee). Sy hoofplaas is Gryskop.

Aartappels is die hoofgewas en hy plant elke jaar 1 000 ha tot 1 200 ha. Hy verbou ook 1 000 ha mielies.

Sy veevertakking bestaan uit 'n kommersiële Sussex-kudde vir speenkalfproduksie en SA Vleismerino- en Ile de France-tipe skape vir wol- en slaglamproduksie.

Aartappelverbouing kom al van sy oupa-grootjie, oupa en pa se boerderydae, wat almal – soos hy – Johan Andries van Zyl gedoop is. Sy oupagrootjie het by Bonnievale geboer en sy oupa het later Vrystaat toe uitgewyk en by Warden gaan boer. “Ek hoop my seuns, Tokkie (ook Johan Andries, 18) en Tiaan (15), en my dogter, Timoné (12), volg in ons voetspore.”

Johan probeer al sy aartappels op sand-leemgrond plant omdat die aartappels dan minder klei aan het as dit uit die grond gehaal word. Sy pa het in 1997 'n was-eenheid by die verpakkingsaanleg geïnstalleer om skoner aartappels aan die versprodukte markte in Johannesburg, Pretoria, Durban en Pietermaritzburg, asook aan McCain se fabriek by Delmas, te lewer.

Hy beskou die Oos-Vrystaat as die beste aartappelproduksiestreek. Aartappels is 'n koelweergewas en in die winter is dit koud genoeg. Die knolle groei tot Maart en dan kan dit maande lank in die grond lê omdat die koue

grond soos 'n koelkamer is. Dan kan Johan die aartappels oor 'n langer tydperk uithaal en verkoop. In warmer produksiegebiede het die boere nie dié luukse nie en die aartappels moet dadelik bemark of ten duurste in koelkamers opgeberg word.

LONENDE SPESIALISKENNIS

Wat doen hy reg om as droëlandprodusent so goed te vaar? Hy sê dit is grootliks omdat hy hom by slim, kundige mense en maatskappye skaar. Die beste maatskappye het spesialiste en as hy hul produkte koop, is die raad gratis.

Goeie grond is skaars en duur en hy kan nie verder horisontaal uitbrei nie. Groter oeste per hektaar is dus ál manier om te groei.

Hy haal tans gemiddeld 28 ton aartappels per hektaar vir die vars mark uit, maar mik na 34 ton/ha tot 38 ton/ha met nuwe tegnologie en verbouingsmetodes. Fabrieksaartappels lewer 22 ton/ha tot 28 ton/ha op.

Dr. Johan van Biljon is die hoofbestuurder van opbrengsverbeteringstelsels van Kynoch Kunsmis. Hy sê die hoofdoel van produktontwikkeling is die verbetering van kunsmisprodukte se doeltreffendheid en die gewas self. Kynoch ontwikkel produkte wat nie net gewasspesifiek is nie, maar ook groeistadium- en selfs plekspesifiek is.

Johan gebruik Kynoch se Veggie OEMFF Fruit (reg.no. K9088, Wet 36 van 1947), 'n plantvoedingsprodukt in poeiervorm wat 'n

LBW VRA ...

MNR. JOHAN VAN ZYL

WAT IS JOU BESTE BOERDERYBESLUIT?

Om vir myself te boer.

EN DIE GROOTSTE FOUT?

Om vinnig uit te brei.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL GEKRY HET?

Doen waarvan jy hou en doen dit voluit.

hoër opbrengs en 'n groter persentasie groot aartappels lewer. Hy het eers 'n proef op 5 ha gedoen en dit het meer groot aartappels opgelewer as op sy ander lande.

Vir 'n 10% hoër opbrengs is net 165 gram per plant nodig, maar dit sorg vir 280 ekstra sakkies aartappels (van 10 kg elk). Die bykomende inkomste is ver meer as die R150/ha wat die middel kos. “Daarom is spesifieke bemesting deesdae so nodig,” sê Johan. Ander spesialisteprodukte wat hy gebruik, is van Syngenta.

“Ek is 'n aartappelboer in murg en been. Daarom wil ek suksesvol wees en net die beste produkte aan verbruikers lewer,” vertel hy. Sy aartappelsakkies vertel die storie: Helderrooi en op die man af: Van Zyl Potatoes. Jy kan dit nie in 'n winkel miskyk nie.

BEWERKING EN OORLÊPATRONE

Johan kan aartappels nie te kort ná mekaar op 'n land plant nie omdat grondgedraagde siektes dan die botoon sal voer. Dus het hy baie lande en huur nóg grond by sodat hy tafelaartappels net elke vier jaar op 'n land kan plant.

Met fabrieksaartappels het hy meer be- ▶

LBW



LINKS: Grootmaatsakke vol aartappels. Dit word met vragmotors na die fabriek vervoer.

HEEL LINKS: Sakkies word in die verpakkingsaanleg gevul. Johan dra groot sorg dat net die beste aartappels op die verbruiker se bord beland.

weegruimte en kan dit twee jaar ná mekaar op dieselfde land plant omdat die skil se gehalte nie so belangrik is nie. In die fabriek word die skil met stoom verwyder voor dit tot bevrore skyfies verwerk word.

Johan werk op 'n stelsel van oorlêlande. Ná aartappels plant hy een keer mielies. Dan word die grond se pH vir suurversadiging ontleed, kalk word toegedien en dit lê vir 'n jaar sonder 'n gewas oor om reënwater op te gaan. Die vierde jaar plant hy weer aartappels.

Die oorlêlande word in November met 'n kontra-snyeg losgemaak om die kalk in te werk nadat die beste die mieliereste bewei het. In Januarie of Februarie volg 'n dieper losmaak-proses met 'n Rovic Super 19-tandwerktuig. Uintjies moet dikwels met onkruidodder bestry

want dit ryp soms al in April.

Vir verdere risikoverspreiding plant Johan sy aartappels op verskillende plase, waarvan die verste lande 50 km op 'n noord-suid-lyn van mekaar is. Hy glo dit sal op een van die plase reën. Aan die ander kant sal dit ook nie oral hael nie, want 'n haelstrook is gewoonlik net 'n paar kilometer breed. Haelversekering is duur en Johan verseker nie sy aartappeloeste nie. Hy verseker wel sy mielies teen hael omdat die gewas nie so omvangryk verbou word nie en versekering dus relatief bekostigbaar is.

Hy plant verskillende kultivars. Johan verkies dié met 'n lang groeitydperk, soos Up To Date, Mondial en Markies, want hoe langer 'n aartappel in die grond bly en aanhou groei, hoe meer groot aartappels oes die boer. 'n Groot

waarvoor Johan vervoerkontraakteurs gebruik. Die werkers werk oortyd en verdien só tot R800 per maand méér. Naweke rus hulle.

Party dae word vyf tot ses vrage aartappels na die markte toe aangery. In die eerste en laaste weke van die maand word 70% van die aartappels na die varsmarkte toe gestuur omdat mense dan betaal word en 30% na die fabriek omdat aartappels dan hoër pryse behaal. Die twee middelste weke word die persentasies omgekeer.

PLAASPROEWE

Johan laat ontleed sy grond elke jaar om neigings van pH en voedingstowwe te bepaal. Elke vyf tot ses jaar doen hy ontledings volgens 'n ruitpatroon. So dien hy betyds kalk op die grond toe, en bemesting om foute reg te stel. Hy volg die aanbevelings van mnr. Francois Groenewald, Kynoch se landboukundige.

Hy doen ook kultivar- en bemestingsproewe. Al is dit baie werk, is die resultate die moeite werd, want hy kan bemesting en kalk korrek volgens resultate toedien. Hy kan ook kultivars plant wat die beste by hom aangepas is. "Ons kan nie meer net besluite neem op grond van statistiese proewe nie. Elke boer moet sy eie plaasproewe doen sodat hy kan sien wat by hom werk," sê Johan.

Hy dien met planttyd die aanbevole hoeveelheid stikstof, fosfaat en kalium (NPK) volgens die grondontleding toe. Daarna word daar elke tien dae aanvullings met gewasspesifieke blaarvoeding saam met swam- en insekdoders met 'n hoogloopspuit toegedien, aangesien die swamdruk in die Oos-Vrystaat hoër is as in droër gebiede weens meer reën en mis. Dit word met 'n hoogloopspuit toegedien. "Dit is ondenkbaar dat party boere nie gewasspesifieke bemesting gebruik nie. My sukses hang daarvan af."

Die voorkomende bespuiting teen insekte elke tien dae hou aan totdat die plante "so groot soos 'n sokkerbal" is. Hy bespuit sowat nege keer per seisoen teen roes en insekte. "Party boere sê dit is té moeilik om aartappels te verbou, maar dis nie so nie. Kyk na al die beskikbare tegnologie en kundigheid." **LBW**

'Dit is ondenkbaar dat party boere nie gewasspesifieke bemesting gebruik nie. My sukses hang daarvan af.'

word. As die land kluite het, breek hy dit met 'n Gaspardo-roleg.

Johan ploeg elke jaar 50% tot 60% van sy lande net voor planttyd en die res word met 'n tandwerktuig losgemaak. Hy pas dus in 'n mate bewaringsboerdery toe deur voglobewaring te bevorder.

Die aartappels word in enkelrye 1,8 m van mekaar af geplant; 'n stand van sowat 17 000 plante/ha. Net voor die grond breek en die loof opkom, dien hy topbemesting en onkruidodder teen uintjies en ander onkruid toe. Die rye word dan opgeërd.

Johan en Kynoch-spesialiste stap elke week deur die lande om te kyk wanneer onkruid, insekte of siektes dreig om kop uit te steek. Hy neem ook blaarmonsters en laat ontleed dit vir maontlike voedingstekorte, wat dan aangevul kan word.

Middel Augustus begin Johan moere plant en hou aan tot einde November om risiko's oor 'n langer tydperk te versprei. Die oorlêlande het genoeg vog en hoef nie vir die reën te wag nie. As hy moes wag vir die reën, sou hy net 'n maand gehad het om 1 000 ha tot 1 200 ha aartappels te plant en in sy opset is dit nie prakties moontlik nie. Aan die ander kant kan hy ook nie té vroeg plant nie,

persentasie groot aartappels verhoog die droëlandboere se winsgrens, want langer skyfies kan daarvan gemaak word, waarvoor hy 'n premieprys by McCain kry.

Die eerste aartappels word reeds in Januarie geoes en gaan na die varsprодукtemarkte toe. Die fabrieksaartappels word eers later gelower.

GEEN AFKEURINGS IN VIER JAAR

Johan het sy pakskuur na 'n sentrale punt verskuif om vervoerkoste te verminder en bestuur te verbeter. Nou is die verste plaas 25 km van die pakskuur af. Dit is gemeganiseer vir die vinnige en doeltreffende was, klassering en verpakking van aartappels.

Hy sorg dat die aartappels reg uitgesoek en korrek volgens grootte verpak word. Dus het hy die afgelope vier jaar nog geen afkeurings gehad nie. Om te keer dat aartappels met insekskade die plaas verlaat, word monsters deurgaans ondersoek nadat die aartappels reeds geklasseer en met die hand uitgesoek is om van beskadigde aartappels ontslae te raak.

Die maksimale gebruik van toerusting en arbeid is belangrik vir doeltreffendheid. Dus werk hulle van Maandag tot Vrydag hard om baie aartappels uit te haal, te verpak en van Maandag tot Donderdag weg te ry markte toe,



Met Kynoch gewas- en groeistadium-spesifieke kunsmis



Standaard-praktyk